**Die Here Jesus leer oor die koninkryk**

**Mat 19:23-28**

**10 November 2024**

1. Vantevore: Jesus het die belofte van 'n Nakomeling uit Dawid se nageslag vervul, toe Hy met Sy eerste koms die koninkryk van die hemele gevestig het, waar Hy regeer as die Opperkoning.
2. Hoe gaan hierdie koninkryk ontwikkel?
    a. Mat 24:13-14 – Koninkryk sal groei deur verkondiging van die evangelie – wêreldwyd – tot die einde van die tyd
    b. Mat 25:31-46 – Aan die einde, kom Jesus om te oordeel, skeiding van skape en bokke
    c. Mat 22:1-2 – En daarna kom die bruilofsfees
3. Wie is burgers van hierdie koninkryk, en wie nie?
    a. Mat 8:5-13 – Abraham, Isak, Jakob, mense uit ooste en weste, centurio, want hulle het geloof gehad – maar nie alle Israeliete nie
    b. Mat 15:21-27 – Kanaänitiese vrou, want sy het geloof gehad
    c. Mat 21:28-32 – Tollenaars en prostitute wat geglo het – maar nie leierpriesters en familiehoofde nie
    d. Mat 7:21-23, 19:16-30 – die wat die wil van die Vader doen – maar die goeie dade moet met die regte gesindheid gedoen word...
    e. Mat 18:1-5, 20:20-28, 5:3 – die gesindheid moet die wees van 'n nederige kindjie wat nie iets verdien nie, wat bereid is om diensbaar te wees, die wat arm van gees is
    f. Hang nie af van afstamming of beroep nie; oortuiging dat jy burgerskap waardig is, diskwalifiseer jou; nederige erkenning van eie nood, geloof in Jesus, nederige diensbaarheid in die koninkryk kenmerk burgers
4. Hoe word mense deel van die koninkryk?
    a. Mat 19:16-30 – Om die kenmerke van burgers te vertoon, is menslik gesproke onmoontlik – net by God moontlik
    b. Mat 18:23-35 – genadige kwytskelding van skuld is essensieel om deel te word van koninkryk – maar dit is nie voldoende nie...
    c. Effektiewe aanspreek van vraagstuk 1 (sondeskuld) en vraagstuk 3 (vermorseling van duiwel se kop) is essensieel, maar nie voldoende nie – vraagstuk 2 (sondegeneigdheid) moet ook aangespreek word
    d. Burgers het verantwoordelikheid om saam met God te werk
5. Hoe tree burgers van die koninkryk op?
    a. Mat 13:44-45 – burgers ag die koninkryk as onskatbaar waardevol
    b. Mat 13:1-9, 19-23 – burgers ag die Woord as waardevol
    c. Mat 22:11-13, 25:1-13 – burgers berei hulle bruilofsklere voor, en wag waaksaam
    d. Mat 25:14-30 – burgers is diensbaar in koninkryk, en verkondig
    e. Mat 6:9-10 – burgers bid vir die koninkryk
6. Afsluiting
    a. Jesus is die Vervulling van die Dawidverbond
    b. Hy het die duiwel se kop vermorsel
    c. Hy het ook Sy koninkryk kom vestig – 'n wêreldwye en wêreldvreemde koninkryk – die koninkryk van die hemele